

Onmoontlik

Uittreksel van pastoor Nesor se preek: B303b Eng/Afr.
Skriflesing uit 11 Kor. 12:1-10

Kernvers: 10 – ‘Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk.’

‘n Bekende prediker het eenkeer gesê: ‘Dit is nie moeilik om die Christelike weg te lei nie, dit is onmoontlik!’ Dit mag u skok maar dit is juis wat ek vir u wil wys, liewe luisteraar.

Die probleem van die Christen is, sonder dat hy dit miskien beseft, probeer hy om die Christelike weg in eie krag te bewandel. Dit is waar al die mislukkings vandaan kom en waar ons op so ‘n lae vlak beweeg van ‘val en opstaan’.

God het egter ‘n hoër weg vir Sy kinders – ‘n pad van oorwinning en van kontak met Hom waar ons Sy stem kan hoor. Ongelukkig maak ons nog so baie staat op ons eie insigte. Ek kan bv. die wonderlikste boodskap aan u bring maar as die Here u hart nie oopmaak en vir u die begrip gee dat daardie woord ingang vind in u hart nie, dan is my prediking tevergeefs! Die Here moet dus ook vir ons gesalfde ore en harte gee.

Die Apostel Paulus sê in Gal.2:20 – ‘Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.’

Ons is reeds saam met Christus gekruisig – dis ‘n afgehandelde transaksie. So ook wás ek reeds genees deur Jesus se wonde. Hier is ‘n diep waarheid: die kind van God wat waarlik aan Hom verbonde is, hét gesterwe en hy is dood. Dit is die lewe van die Here Jesus wat nou in jou is.

Maar solank as ek dink dat ek sterk is, of dat daar nog enige krag in my is, of hulpbronne waarop ek kan staatmaak, kan God my nie gebruik nie.

Daarom dat Paulus gesê het hy roem in swakhede want as hy swak is dan is hy sterk...

The Strength of Weakness
The Power of God in Human Inadequacy